**TOM NEWBY SCHOOL EKSAMEN**

| Vak | Afrikaans Leesbegrip en Taal | Eksamenator | Mnr. Ellis |
|---|---|---|---|
| Datum | 20 November 2017 | Totaal | 45 Punte |
| Sessie | 1 | Tyd | 1 uur |
| Graad | 4 | Moderator | Mev. Pienaar |
| Spesiale instruksies/ toerusting | | | |
| Hierdie assesering is opgestel met die gebruik van notas en inligting beskikbaar in die Tom Newby inligting material. Die memorandum of rubriek is opgestel tot 'n standaard, maar alternatiewe antwoorde of opinies word in ag geneem. | | | |

| Naam: | Van: | Klas: |
|---|---|---|

………………………………………………………………………………………………………………

**Leesbegrip: _____/30 Taal: ______/15 Totaal: ____/45**

## Afdeling A: Leesbegrip [30]

- **Lees die volgende storie en beantwoord die vrae.**
- **Kyk na die woordboks om jou te help.**

| Afrikaans | Engels | Afrikaans | Engels |
|---|---|---|---|
| Moedeloos | Hopeless | Heerlikste lekkernye | Delicious things to eat |
| Seemeeu | Seagull | Vrot vis stukkies | Rotten fish pieces |
| Haastig | Quickly | Grillerige slakkies | Gruesome snails |
| Strandstoeletjie | Beach chair | Maag draai | Stomach turns |
| Saadjies | Seed | Gekla | Complained |
| Sambreel | Umbrella | Grashalpies | Blades of grass |
| Sonbril | Sunglasses | Grom | Growl |



## Muis met vakansie

1. Ethan Muis is moeg vir die lewe. Dis baie harde werk om elke dag te soek vir kos en 'n veilige plekkie om te slaap. Hy voel sommer moedeloos.



2. “Wat jy nodig het, Ethan, is 'n vakansie!” sê Aiden Seemeeu. “Hoekom kom jy nie saam my see toe nie?
Ethan dink 'n see-vakansie is sommer 'n goeie idee!
Hulle vlieg vêr van die veld waar Ethan woon, oor die potblou see.

3. Op die strand slaan hy sy strandstoeltjie en sy sambreel op, en sit sy groot sonbril oor sy oë. Maar Ethan het net lekker gesit en vakansie hou, toe grom sy maag.Hy is doodhonger.



4. “So wat is hier om te eet by die see?” vra hy vir Aiden.
“O, die heerlikste lekkernye!” sê Aiden, en hy wys vir Ethan al die vrot vis stukkies en grillerige slakkies. Maar Ethan kan dit glad nie eet nie. Dit laat sy maag draai. Hy soek die hele strand vol na saadjies en grashalmpies, maar kry niks.



5. “Nou waar kan 'n mens slaap?” piep muis.
Aiden wys na die rotse. Maar die rotse is koud en glad. “Nee wat,” bewe Ethan die volgende oggend. “Hierdie see-vakansie is nie vir my nie. Ons wêreld verskil soos dag en nag. Ek dink ek gaan eerder terug huis toe.”

6. Dit was nooit weer nodig vir Ethan om met vakansie te gaan nie, want, sê hy: “Ek is eintlik elke dag 'n muis met vakansie!”

Woorde: 247



Vraag 1: Beantwoord die vrae oor 'Muis met vakansie'

1.1. Wat is die **titel** van die storie? (1)

---

1.2. Pas die naam van die **karakters** by die regte dier deur 'n streep te trek. (2)

Aiden



Ethan



1.3. Waarvoor is Ethan moeg? Gee net **een woord.** (1)

---

1.4. Wat maak Ethan **moedeloos** vir die lewe? (2)

---

---


1.5. Op watter vakansie wil Aidan vir Ethan vat? (1)

---

1.6. Sê of die volgende stelling **waar of onwaar** is. (1)
Aidan bly naby aan Ethan

---

1.7. Onderstreep die regte antwoord. (2)
Ethan bly (by die see / in die veld).
Aiden bly (by die see / in die veld).



1.8. Hoekom **grom** Ethan se maag? (1)

______________________________________________

1.9. Wat eet 'n seemeeu? Noem **twee** dinge. (2)



______________________________________________

______________________________________________

1.10. Dink jy dat muise dieselfde as Seemeeue eet? Hoekom sê jy so? (2)

______________________________________________

______________________________________________

1.11. Slaap Ethan gemaklik op die rotse? Ja / Nee
Motiveer jou antwoord. (2)

______________________________________________

______________________________________________

1.12. Dink jy Ethan het die see-vakansie geniet?
Motiveer jou antwoord. (2)

______________________________________________

______________________________________________

1.13. Voltooi die sin. (1)

Ethan sal nie weer op vakansie gaan nie, want hy is eintlik ______________

______________________________________________

1.14. Soek 'n woord in paragraaf 4 wat **'gruesome'** beteken. (1)

______________________________________________

1.15. Die woord **heerlikste** in paragraaf 4 beteken dieselfde as: (1)

(lekkerste / mooiste).



1.16. Wat bedoel Ethan as hy sê: “Ons wêreld verskil soos dag en nag.”(Paragraaf 5) (1)

Onderstreep die regte antwoord.

a) Ethan is ‘n muis en Aiden is ‘n seemeeu.
b) Ethan en Aiden se lewens verkil.
c) Ethan slaap in die dag en Aiden in die nag.
d) Ethan en Aiden eet nie die selfde kos nie.

1.17. Pas Kolom A by Kolom B (4)

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 1) Intensiewe vorm van honger. | A) Mannetjie. |
| 2) Manlik van voëls. | B) See |
| 3) Die geluid wat ‘n muis maak. | C) Doodhonger. |
| 4) Waar visse bly. | D) Akwarium |
| | E) Piep. |

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

1.18. Kyk na die volgende sin. Onderstreep ‘n **samestelling**? (1)

“Op die strand slaan hy sy strandstoeltjie en sy sambreel op, en sit sy groot sonbril oor sy oë.”

1.19. Wat dink jy is die **les** van die storie? (2)

______________________________________________


______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**Afdeling A: Totaal ___ / 30**



## Afdeling B – Taalleer

**Vraag 1: Vul die ontbrekende <u>leestekens en skryfteken</u> in die volgende sinne.** **(2)**

1.1. Sjoe die see is vêr

______________________________________________

1.2. Wat eet ons by die see aidan

______________________________________________

**Vraag 2: Kyk na die volgende prent.** **(2)**



**Onderstreep die regte <u>voorsetsels</u>.**

2.1 Die kinders sit (in / op) die strand.

2.2 Die kinders swem (in / op) die see.

**Vraag 3: Kyk na die volgende prente en skyf die <u>trappe van vergelykings</u> onder elke prent.** **(2)**

groot ______________ grootste

baie meer ______________

**Vraag 4: Skryf die volgende sin oor in die <u>verlede tyd</u>.** **(1)**

4.1 Ethan gaan op 'n see vakansie.

______________________________________________

**Vraag 5: Skryf die volgende sin oor in die <u>toekomende tyd</u>.** **(1)**

5.1 Aidan slaap op die rotse.

______________________________________________

**Vraag 6: Skryf die volgende sin oor in <u>ontkennende vorm</u>.** **(1)**

6.1 Ethan gaan die vakansie na die kus toe.

______________________________________________

**Vraag 7: Voltooi die tabel.** **(2)**

| **Woord** | **Meervoud** | **Verkleining** |
|---|---|---|
| sonbril | | sonbrilletjie |
| strand | strande | |

**Vraag 8: Skryf die volgende woorde in die regte orde. (STOMPI)** **(1)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| vlieg | Ethan | see toe | saam met Aidan |

______________________________________________

______________________________________________

**Vraag 9: Kies die regte <u>voegwoord</u>.** **(1)**

9.1 Ethan sit onder die sambreel, (maar / want) dit is warm in die son.


**Vraag 10: Kyk na die volgende prente en skryf die antonieme neer.** **(2)**





Mooi ______________________





Warm ______________________

**Totaal afdeling B: ___ /15**

**Groottotaal: ___/ 45**